## 5 Oktober - SATAN

**Skrifgedeelte: Openbaring 12 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Johannes 8:44; Openbaring 12:9 en 17 (OAV)**

Die Here praat oor Satan in geen onduidelike taal nie. Anders as wat dikwels gedoen word, sê Hy nie Satan bestaan nie. Hy maak nie van hom 'n klein mannetjie met 'n drietandvurk wat op jou skouer sit en waarvoor jy nie eintlik op jou hoede moet wees nie.

Hy openbaar aan ons die regte kennis, sodat ons in die geloof kan volhard. Van Satan moet ons weet wie hy is. Ons hoor dit in sy name:

- SATAN: Teenstander! Hy staan teen God op. Wetend dat hy God nie kan onttroon nie, wend hy hom tot die mense. Hy verlei. Hy probeer verwoed om die nakomelinge van die vrou, die kinders van God, in sy mag te kry.
- DUIWEL: Lasteraar! Die een wat uitmekaar skeur wat bymekaar hoort. Hy wat God en sy kinders van mekaar wil skei. Hy wat ons aanhits om die wet te verbreek.
- SLANG: Die slu, listige een wat die mens tot 'n val gebring het. Hy is daarop uit om op slinkse wyse te bedrieg. "Slang" beskryf sy karakter. Hy is 'n geslepe teenstander. Hy is maklik tuis in enige kring. Hy sluip ongesiens in. Dit maak hom gevaarliker as wat ons vermoed.
- DRAAK: 'n Monsteragtige, verskriklike slang. Hy is nie net listig nie, maar sterk. Hy is die verwoester. Hy wil alles vir homself toeëien.
- MENSEMOORDENAAR: Lewensverwoester! Hy loer op die mens se lewe. Hy begeer jou dood.

Satan is 'n gedugte vyand, daarop uit om te verwoes en te vermoor. Waak, gewapen met die swaard van die Gees, die Woord van God. Waak met meer as die ywer waarmee ons ons huise beskerm oor die lewe wat u in Christus het.

Waak in dié sekerheid: Satan kan nie voor Jesus Christus standhou nie.

*Sing: Psalm 91:1, 2 (1936-beryming)* *Ds PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Marble Hall)*